Dr. J. H. KROEZE, *Die Hooglied, vir die gemeente verklaar*, Pro Rege Pers, Potchefstroom, 1953.

Met blydskap kon ons kennis neem van hierdie publikasie van die Potchefstroomse hoogleraar in die Semitiese Tale. Vir die gemeentelede lewer hierdie Bybelboek dikwels baie besware en moeilikhede op. Na 'n kort inleidende word behandel die skrywer agtereenvolgens die verklaringe van die boek wat in die loop van die tye gegee is n.l. die allegoriese, die „dorsslee-hipotese", die kultiese en die dramatiese om dan eindelik die voorkeur te gee aan die tipologiese of soms genoem die tipiese verklaring. Tog sou ek nie die waarheidselement, in sommige van hierdie verklaringe altans, nie wil ontken nie. Ook die liefdesliriek in Israel, wat ons hier in die Hooglied vind dra seker spore van die hele verskynsel in die ou Ooste. Die kultiese patroon van omgewing het Israel nie ongemerk en ongeskonde verbygegaan nie, veral wat die minneliedere betref nie. Dat die Christelike gemeente die verhouding bruidegrom-bruid op Christus en sy gemeente betrek het en nog doen het eintlik voor die hand gelê.

Dit is net jammer dat heelwat spelfoute die boekie ontsier.

Graag beveel ons hierdie bydrae tot ons Afrikaans teologiese literatuur aan.

E. S. MULDER.